Van een epidemie tot ‘n ander

Vir sommige van ons, is dit al byna normaal om met ‘n epidemie saam te leef. Dit is immers al meer as drie dekades wat ons in die skaduwee van die MIV epidemie leef. In hierdie reis met MIV, het CABSA, die Christen Vigsburo,‘n paar riglyne geformuleer om gelowiges te help in hulle opinies oor MIV en Vigs. Hierdie riglyne is elkeen ook van toepassing op ons as geloofsgemeenskappe se reaksie op COVID19 en daarom deel ons graag vyf van die riglyne.

Die belangrikste vertrekpunt is sekerlik dat dit nie ons plek of rol is om vingers te wys en oordeel uit te deel nie. Dit is eerder ‘n tyd om toe te laat dat die liefde van Christus ons sal dring om met God se oë te kyk, sag te kyk, nie net na ons eie familie, vriende, besighede en ons risiko nie, maar juis ook na die meer weerloses in ons gemeenskappe. En ons doen dit in die wete dat God elkeen van ons onvoorwaardelik aanvaar en lief het. Dit is immers ook die boodskap van Paasfees: God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun, Jesus Christus gestuur het om deur sy kruisdood ons met Christus te versoen.

Hiermee saam word ons herinner aan die liggaam van Christus en in 1 Korintiërs 12 lees ons dat ons almal deel is van een liggaam – en as een lid ly, dan ly die hele liggaam. Ook nou, behoort ons as geloofsgemeenskappe mekaar se pyn te voel, maar veral ook te antisipeer. Hoe gaan mense wat reeds van die hand na die mond leef ekstra vitamines of handreinigers koop? Hoe gaan mense wat maar minimaal verdien, nou ekstra kos vir hulle gesinne koop? Hoe gaan hulle hul kinders besig en gestimuleer en gelukkig hou in piepklein huise met byna geen erwe? Wat van die bejaardes? Wat van die haweloses? Dink ons hieraan? Voel ons hierdie pyn? En hoe reageer ons op hierdie pyn en krisis?

Is ons gereed om nie net deur gebed, maar ook op praktiese maniere betrokke te wees en fisiese nood daadwerklik aan te spreek? Maak ons net ons eie koskaste vol? Betaal ons steeds ons tuinier en huishulp selfs al kan en mag hulle nie meer kom werk nie? Dink ons ook aan hulle en hul gesinne en hoe die volgende paar weke hulle lewens daadwerklik gaan ontwrig en bedreig? En hoe kan ek hulle hiermee help?
Mag ons in hierdie tyd onthou dat elkeen van ons, arm en ryk, vrou en man, swart en wit, gesond en siek, geskep is na die beeld van God. En mag ons in hierdie tyd gedetermineerd bly om God in mekaar raak te sien, of God in mekaar te soek en mekaar se menswaardigheid respekteer en help bevestig deur alles wat ons doen.

Vir meer inligting oor hierdie riglyne, kontak gerus vir Aneleh Fourie-Le Roux by management@cabsa.org.za.